# PLAASAANVALLE EN PLAASMOORDE
## IN SUID-AFRIKA

STATISTIEK DUI OP DRASTIESE TOENAME IN PLAASMOORDE

ANI

AFRIFORUM NAVORSINGS-INSTITUUT

AfriForum

VERSLAG DEUR LORRAINE CLAASEN

26 APRIL 2017



# INLEIDING

Die parlement van Suid-Afrika het op Dinsdag 14 Maart vanjaar tydens 'n nasionale sitting 'n debat gehou oor plaasaanvalle en plaasmoorde. Tydens die debat is verskeie statistiek oor misdade aangehaal wat die betroubaarheid en geldigheid van beskikbare syfers beklemtoon. Alhoewel die landbou-organisasie TLU SA en AfriForum tot op hede syfers bekend gemaak het volgens kalenderjare, het AfriForum in Mei 2016 geslaag in 'n PAIA-aansoek om die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se plaasaanval- en plaasmoordsyfers te bekom. Om 'n meer akkurate uiteensetting van die syfers te kan bied, het die AfriForum Navorsingsinstituut die 2016/2017 finansiële jaar se syfers verwerk en geanaliseer om sodoende 'n vergelyking met die statistiek van die SAPD te kan tref.[1]


# DATA-INSAMELING EN VERWERKING

Inligting van individuele gevalle word ingesamel deur gebruik te maak van verskeie bronne. Daar word staatgemaak op die Suid-Afrikaanse media vir artikels oor individuele gevalle, asook sosiale media, rapportering van gevalle deur bestaande sekuriteitsnetwerke en ook slagoffers of familie van slagoffers wat gevalle direk aanmeld vir rekorddoeleindes. Voorvalle word geverifieer en die feite daarvan word bevestig. Daar is egter voorvalle van plaasaanvalle waarvan daar nie kennis gedra word nie. Vir dié rede word die plaasaanvalstatistiek as konserwatief beskou en is die syfers onderhewig aan verandering.

# STATISTIEK

## Kalenderjare

Die onderstaande grafiek wys die plaasaanval- en plaasmoordsyfers uit sommige van die afgelope kalenderjare.




1. TLU SA is sedert 1990 die betroubaarste bron van plaasaanvalstatistiek wat onafhanklik ingesamel word. Vanaf 2015 het AfriForum en TLU SA saamgewerk om onderskeie databasisse te korreleer en gevalle te verifieer.

## Finansiële jare

Die onderstaande tabel bevat die SAPD-statistiek deur die PAIA-aansoek in 2016 bekom. Daar word melding gemaak dat die syfers vanaf 2007/2008 tot 2009/2010 nie bekend gemaak is nie, weens die afskaffing van die publisering van die inligting. Alle inligting van die uitstaande tydperk is gevolglik gebruik vir operasionele doeleindes en was nie ingesluit in die jaarlikse verslag van die SAPD nie.

| TYDPERK | AANTAL MOORDE | AANTAL VOORVALLE (AANVALLE) |
|---|---|---|
| 1996/1997 | 84 | 433 |
| 1997/1998 | 142 | 490 |
| 1998/1999 | 144 | 827 |
| 1999/2000 | 144 | 823 |
| 2000/2001 | 147 | 908 |
| 2001/2002 | 140 | 1 069 |
| 2002/2003 | 103 | 903 |
| 2003/2004 | 88 | 773 |
| 2004/2005 | 82 | 694 |
| 2005/2006 | 88 | 636 |
| 2006/2007 | 86 | 794 |
| 2010/2011 | 80 | 532 |
| 2011/2012 | 56 | 523 |
| 2012/2013 | 59 | 566 |

Tydens 'n vergadering met AfriForum op 4 Mei 2016, het die SAPD die 2013/2014 tot 2015/2016 finansiële jare se syfers bekend gemaak:

| TYDPERK | AANTAL MOORDE | AANTAL VOORVALLE (AANVALLE) |
|---|---|---|
| 2013/2014 | 57 | 517 |
| 2014/2015 | 60 | 490 |
| 2015/2016 | 49 | 446 |

## 2016/2017-finansiële jaar se statistiek

Soos reeds bespreek, is die voorvalle van 1 April 2016 tot 31 Maart 2017 verwerk om 'n duidelike vergelyking te kan tref tussen die statistiek wat deur die SAPD vrygestel word en dié van ANI, alhoewel die SAPD tot op hede nog nie die nasionale misdaadsyfers van die afgelope finansiële jaar bekend gemaak het nie.

Die SAPD het egter tydens 'n voorlegging van misdaadstatistiek in Maart 2017[2] aan die parlement bevestig dat daar tot op daardie tydperk in die 2016/2017-finansiële jaar 307 plaasaanval-voorvalle en 46 plaasmoorde gerapporteer was.

Alhoewel die statistiek soos bygehou deur AfriForum en TLU SA 'n laer syfer vir plaasaanval-voorvalle aandui as die finansiëlejaarsyfer van 2015/2016 – bekend gemaak deur die SAPD vir dié tydperk – is daar egter 'n toename in plaasmoorde.

Die totale aantal geverifieerde plaasaanvalle is 357 en die aantal plaasmoorde vir die 2016/2017-tydperk is 'n kommerwekkende 74.

### APRIL

| S | M | D | W | D | V | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | **1** | 2 |
| 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 |
| 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | **15** | 16 |
| 17 | 18 | **19** | 20 | 21 | 22 | 23 |
| 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 |

### MEI

| S | M | D | W | D | V | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **1** | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | **13** | 14 |
| 15 | 16 | **17** | 18 | **19** | 20 | 21 |
| 22 | **23** | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |
| 29 | 30 | 31 | | | | |

### JUNIE

| S | M | D | W | D | V | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | **1** | 2 | 3 | 4 |
| 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | **10** | 11 |
| 12 | 13 | 14 | **15** (2) | **16** | 17 | 18 |
| **19** | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | **25** |
| 26 | 27 | 28 | **29** (2) | 30 | | |

### JULIE

| S | M | D | W | D | V | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1 | 2 |
| 3 | 4 | **5** | 6 | 7 | 8 | **9** |
| 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 |
| 17 | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 |
| **24** | **25** | 26 | 27 | 28 | 29 | **30** (2) |
| 31 | | | | | | |

### AUGUSTUS

| S | M | D | W | D | V | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 7 | 8 | 9 | **10** | 11 | 12 | 13 |
| 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 |
| 21 | **22** | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 |
| **28** | 29 | 30 | 31 | | | |

### SEPTEMBER

| S | M | D | W | D | V | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 | 2 | 3 |
| 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 |
| 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | |

### OKTOBER

| S | M | D | W | D | V | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | **1** |
| 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |
| 9 | 10 | 11 | 12 | **13** | 14 | 15 |
| 16 | 17 | **18** | 19 | 20 | 21 | 22 |
| 23 | 24 | 25 | **26** | 27 | **28** | **29** |
| **30** | 31 | | | | | |

### NOVEMBER

| S | M | D | W | D | V | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| 6 | 7 | 8 | 9 | **10** (2) | **11** | 12 |
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| 20 | 21 | 22 | **23** | **24** | 25 | 26 |
| 27 | **28** | 29 | **30** | | | |

### DESEMBER

| S | M | D | W | D | V | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1 | **2** (2) | **3** (2) |
| 4 | **5** | 6 | 7 | **8** | 9 | 10 |
| 11 | 12 | 13 | 14 | **15** | 16 | 17 |
| 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | **23** | **24** |
| 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 |

### JANUARIE

| S | M | D | W | D | V | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | **13** | 14 |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |
| 29 | 30 | 31 | | | | |

### FEBRUARIE


| S | M | D | W | D | V | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | **1** | **2** | **3** | **4** |
| 5 | **6** | 7 | **8** | 9 | 10 | 11 |
| 12 | **13** | **14** | 15 | 16 | **17** | 18 |
| **19** | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | **25** |
| 26 | 27 | 28 | | | | |

### MAART

| S | M | D | W | D | V | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | **2** | 3 | 4 |
| 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | **10** | **11** |
| 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |
| 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| 26 | 27 | **28** | 29 | 30 | **31** | |

Plaasmoorde vir die 2016/2017-finansiële jaar word op die kalender aangedui.

2. Gqirana, Thulani. *Crime stats: Slight decrease in farm murders, stock theft on the rise.* 03/03/2017. News24.com




Plaasmoorde vir die 2016/2017-finansiële jaar word op die kaart aangedui.

# DATA-ANALISE

In vyf voorvalle in hierdie tydperk het die slagoffer(s) in die tyd ná die aanval aan hul beserings beswyk.

Plaasmoorde per provinsie:

| PROVINSIE | TOTAAL |
|---|---|
| Gauteng | 21 |
| KwaZulu-Natal | 11 |
| Limpopo | 8 |
| Mpumalanga | 12 |
| Noord-Kaap | 1 |
| Noordwes | 9 |
| Oos-Kaap | 3 |
| Vrystaat | 6 |
| Wes-Kaap | 3 |
| **TOTAAL** | **74** |

Moorde op plase en kleinhoewes per provinsie:

| PROVINSIE | PLAAS | KLEINHOEWE | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| Gauteng | 4 | 17 | 21 |
| KwaZulu-Natal | 11 | 0 | 11 |
| Limpopo | 5 | 3 | 8 |
| Mpumalanga | 10 | 2 | 12 |
| Noord-Kaap | 0 | 1 | 1 |
| Noordwes | 4 | 5 | 9 |
| Oos-Kaap | 3 | 0 | 3 |
| Vrystaat | 5 | 1 | 6 |
| Wes-Kaap | 1 | 2 | 3 |
| **TOTAAL** | **43** | **31** | **74** |

Die provinsies met die meeste plaasaanvalle is soos volg:

| PROVINSIE | PERSENTASIE |
|---|---|
| Gauteng | 22.8% |
| Vrystaat | 15.7% |
| Mpumalanga | 14.8% |
| Noordwes | 14.8% |
| Limpopo | 13.4% |
| KwaZulu-Natal | 10.1% |
| Wes-Kaap | 4.8% |
| Oos-Kaap | 2.5% |
| Noord-Kaap | 1.1% |
| **TOTAAL** | **74** |

Aanvalle wat op kleinhoewes en op plase onderskeidelik per provinsie plaasgevind het:

| PROVINSIE | PLAAS | KLEINHOEWE | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| Gauteng | 6.7% | 16% | 22.7% |
| KwaZulu-Natal | 9.8% | 0.3% | 10.1% |
| Limpopo | 10.1% | 3.4% | 13.5% |
| Mpumalanga | 12.3% | 2.5% | 14.8% |
| Noord-Kaap | 0.6% | 0.6% | 1.2% |
| Noordwes | 11.2% | 3.6% | 14.8% |
| Oos-Kaap | 2.2% | 0.3% | 2.5% |
| Vrystaat | 13.7% | 2% | 15.7% |
| Wes-Kaap | 4.5% | 0.3% | 4.8% |
| **TOTAAL** | **71.1%** | **28.9%** | **100%** |

Dit is uit die laaste tabel duidelik dat die meeste voorvalle op plase gebeur, behalwe in Gauteng. Die rede hiervoor kan die hoë aantal plotte en kleinhoewes geleë rondom die stede in dié provinsie wees.

## Slagoffers

In die 357 voorvalle was daar meer as 553 slagoffers betrokke. Die gemiddelde aantal slagoffers per aanval is vier. Die gemiddelde ouderdom van slagoffers is 55 jaar. In 62% van die voorvalle is slagoffers met die ouderdom van 51 en ouer aangeval.

Ouderdom van plaasaanvalslagoffers:

| 0–20 | 21–50 | 51–70 | 71–100 |
|---|---|---|---|
| 13% | 25% | 40% | 22% |

In 61 van die aanvalle aangeteken, maak werkers van die eiendom deel van die slagoffers uit.

Dag van die week:

| | |
|---|---|
| Maandag | 12.5% |
| Dinsdag | 12.5% |
| Woensdag | 11.9% |
| Donderdag | 14.5% |
| Vrydag | 15.1% |
| Saterdag | 17.6% |
| Sondag | 15.9% |

Saterdae vind die meeste aanvalle plaas, gevolg deur Sondae, Vrydae en Donderdae.

Tyd van die dag:

| Middernag – 6:00 | 6:01 – 12:00 | 12:01 – 18:00 | 18:01 – Middernag |
|---|---|---|---|
| 36% | 16% | 14% | 34% |

Die tyd van die dag waartydens die meeste voorvalle plaasgevind het, is in die nag van 18:00 tot 6:00.

## Aanvallers

Meer as 740 aanvallers was by die 357 voorvalle betrokke, met 'n gemiddeld van vier aanvallers per voorval. Uit die data blyk dit dat daar gemiddeld meer aanvallers op plase toeslaan as op kleinhoewes. In 20 voorvalle is daar melding gemaak dat 'n aanvaller gewond is tydens die voorval.

Dit is onseker in hoeveel gevalle aanvallers bekend was aan die slagoffers weens die toenemende gebruik van balaklawas wat die identiteite van die aanvallers verbloem.

## Aanvalle

- Daar is tydens 69 (19%) van die voorvalle gerapporteer dat wapens en ammunisie van die slagoffer geroof is.
- In 84 (24%) van die voorvalle is die voertuig van die slagoffer geroof en gebruik as vlugvoertuig.
- Tydens 112 (31%) van die voorvalle is daar op die slagoffers geskiet, of is daar daadwerklik gepoog om die slagoffer(s) te vermoor.
- Daar is in ses gevalle bekend gemaak dat 'n vrou tydens die aanval verkrag is. Die syfer kan egter hoër wees omdat die inligting van die publiek weerhou kan word weens die sensitiwiteit van dié soort misdaad.
- In vier gevalle is die slagoffer tydens die aanval ontvoer en elders vrygelaat of vermoor.
- In drie gevalle is daar opsetlik brande in die hoofhuis of elders op die plaas gestig om slagoffers uit hul huise te lok, waarna die aanvallers dan toegeslaan het.

## Marteling

Marteling het in 13 voorvalle plaasgevind. Dié syfer kan ook hoër wees soos genoem in die geval van verkragting. Gevalle waar die inligting bekend gemaak is, is wyd gerapporteer in die media. Mev. Niccy Simpson (64) van Kalbasfontein in Gauteng is op 10 Maart 2017 tydens 'n ses uur lange aanval aangerand, met 'n strykyster gebrand en 'n sak is oor haar kop getrek in 'n poging om haar te probeer versmoor. Daarna is haar voete met 'n elektriese boor deurboor en die aanvallers het gedreig om haar bene met 'n slypmasjien af te sny. In Mei 2016 is 'n 68-jarige man ook wreed gemartel met 'n handdoek wat in sy keel af gedruk is en 'n stuk draad is om die slagoffer se kop gedraai om hom te verwurg. Hy is tydens die aanval oorlede. In Junie 2016 is 'n egpaar van Gauteng tydens die aanval met strykysters gebrand.

Robert Lynn (66) en Sue Howarth (64), albei Britse burgers, is Sondag 19 Februarie 2017 om 2:00 op hul plaas in Dullstroom, Mpumalanga aangeval. Robert het verskeie

steekwonde op sy rug en bene opgedoen en hy is met 'n blaasvlam gebrand op sy voete, bene en maag. Die aanvallers het Robert in 'n veld gelos en Sue is langs die pad gevind waar sy nog lewend was, met 'n plastieksak om haar kop gebind. Sy het in die hospitaal aan haar wonde beswyk.

## 2017 tot op hede

As die frekwensie van plaasaanval- en plaasmoordvoorvalle dieselfde bly deur die kalenderjaar blyk dit dat die syfers weer gaan toeneem. Tot op hede is 113 aanvalle en 29 plaasmoordvoorvalle geverifieer.

## Ter afsluiting

Op 31 Mei 2016 het 'n aanvaller aan 'n slagoffer gevra: "Do you want to die?" Sy het die aanval oorleef.

Die dogter van 'n egpaar wat in November 2016 aangerand is, het die volgende gesê:

"Hierdie is 'n 'wake-up call'. Mens moet jou veiligheid al hoe meer opskerp. Mens dink nie dit kan met jou gebeur nie."

Dit is van uiterste belang dat alle mense in landelike gebiede hul veiligheid opskerp. Gemeenskappe word aangemoedig om betrokke te raak by sekuriteitsnetwerke in hul omgewing. Dit is noodsaaklik om dit vir die aanvallers so moeilik as moontlik te maak om by die wonings toegang te verkry.

Slagoffers en/of familie van slagoffers van plaasaanvalle word aangemoedig om voorvalle te rapporteer by **stopdiemoorde@afriforum.co.za** of **stopthemurders@afriforum.co.za.**



AFRIFORUM NAVORSINGS-INSTITUUT

**Adres**: H.v. D.F. Malanrylaan en Unionweg, Kloofsig, Centurion • **Posadres**: Posbus 17216, LYTTELTON, 0140 • **Tel**: 086 10 200 30 • Faks: 012 664 1281
**Lede-administrasie — Faks**: 012 664 0342 • **E-pos**: afriforum@afriforum.co.za • **Direkteure**: Flip Buys, Rev. Dirk Laufs, Dr Dirk Hermann, Alana Bailey, Prof. Danie Goosen, Frans de Klerk, Deon de Vries, Louis Trichardt, Prof. Koos Malan, Kallie Kriel • **Reg. No**. 2005/042861/08 • 054 - 590 - NPO

